# Inleidende Beef en Sheep&Goats Kursus Besprekingsvorm

**Datum: 4 - 5 Augustus 2026**

**Plek: Raadsaal, SA Stamboek Gebou, Bloemfontein**
(Henrystraat 118, Westdene)

Aanbieding in Afrikaans.

Kursusaanbieder: Mnr. Johan de Jager.

**Sien asseblief die belangrike notas en die kursusprogram en -inhoud op bladsy 2.**

**BenguFarm Kliëntbesonderhede:**

- BenguFarm Rekening Naam: ______________________________________________
- BenguFarm Rekening Nommer (sien bo-aan hoofskerm): BPU________
- Ras(se): Stoetkudde: __________________________ Kommersiële kudde: _____________________________
- Maak en model (indien van toepassing) van: Skaal: ______________________ EID leser___________________
- Naam en Van van persoon(e) wat die kursus sal bywoon: ___________________________________________
  ______________________________________________________________________________
- Sel Nommer: _______________________ E-pos Adres: _____________________________________________
- Taalvoorkeur vir gedrukte kursusmateriaal (handleiding, ens.) [omkring toepaslike]: Afrikaans / Engels
- Spesiale voedselbehoeftes: ____________________________________________________________

**Kursusfooi (BTW ingesluit):**

| | |
|---|---|
| Fooi per persoon met 'n rekenaar | **R3 800** |
| Fooi per addisionele persoon van dieselfde besigheid sonder 'n rekenaar<br>(werk tydens die kursus saam met die eerste persoon op dieselfde rekenaar) | **R3 000** |
| Die kursusfooi sluit 'n gedrukte handleiding (vir 'n persoon met 'n rekenaar), ander kursusmateriaal, middagetes, koffie/tee en verversings in. | |

**Bankbesonderhede vir Betalings:**

| | |
|---|---|
| Rekening Naam: | Jinta Trading cc (let wel, NIE BenguelaSoft NIE) |
| Bank & Tak: | Standard Bank, Tak Kode: 012 645 |
| Rekening Nommer: | 411 364 316 |
| Verwysing: | BenguFarm Rekening Naam of -Nommer – soos hierbo ingevul. |

**Aangeheg die bewys van betaling vir R__________**

**Stuur die besprekingsvorm en bewys van betaling aan:**

Mev Jolandi de Jager    E-pos: beefpro@mweb.co.za    WhatsApp: 083 601 9383

**Navrae:**

Kontak Mnr. Johan de Jager by 083 305 1042 of jjager@mweb.co.za
of Mev. Jolandi de Jager by 083 601 9383 of beefpro@mweb.co.za

**Handtekening:** _________________________________ **Datum:** __________________

# Belangrike Notas

- **Wie behoort die kursus by te woon?**
  - Die inleidende kursus is gerig op persone wat nog nooit die program gebruik het nie of dit slegs tot 'n beperkte mate gebruik het.
  - Indien die persoon wat die datavaslegging op BenguFarm gaan doen (bv. administratiewe personeellid) nie vertroud is met die dag-tot-dag bestuur van die kudde nie, word dit aanbeveel dat die persoon wat verantwoordelik is vir die dag-tot-dag bestuur (bv. kuddebestuurder of eienaar) ook die kursus bywoon.
- **Wat behels die kursus?**
  - Alle belangrike/basiese funksies, aantekenskerms, opkykskerms, aantekenlyste en verslae in BenguFarm word gedek in die kursus.
  - Die kursusgangers bring hul eie rekenaars na die kursus. By aanvang van die kursus word 'n kursus databasis op elke rekenaar gelaai en gedurende die kursus word praktiese oefeninge gedoen van al die betrokke funksies wat gedek word in die kursus (sien program hieronder) asook die opkykskerms, aantekenlyste en verslae wat betrekking het op die betrokke tipe data.
- **Vooraf installering van BenguFarm**:
  - Die BenguFarm sagteware moet *vooraf* geïnstalleer en geregistreer wees op die rekenaar(s) wat na die kursus gebring word Geen installasie sal tydens die kursus gedoen word nie. Indien enige hulp met die installasie van die sagteware benodig word, kontak Johan de Jager asseblief vroegtydig. Let daarop dat BenguFarm slegs op 'n rekenaar met 'n Windows bedryfstelsel geïnstalleer kan word. Indien jy 'n rekenaar met ander bedryfstelsel het (bv. Apple), kontak asseblief vir Johan de Jager om te bespreek wat om te doen om BenguFarm daarop te kan installeer.
- **Wat om saam te bring na die kursus:**
  - Rekenaar (met BenguFarm reeds geïnstalleer en geregistreer), laaier/elektriese koord, muis (dit werk makliker as 'n skootrekenaar se "track pad"), Internet modum (opsioneel), data van diere wat nog ingetrek/opgeneem moet word in die program, pen, merkpen ("highlighter") en notapapier.
- **Kansellasies**:
  - Indien te min persone bespreek, kan die kursus gekanselleer word. In so 'n geval sal die kursusfooi ten volle terugbetaal word, of dit kan oorgedra word vir die bywoning van 'n volgende kursus, of vir aanlyn opleiding.
  - Indien 'n bespreking deur 'n kursusganger gekanselleer word binne 7 dae vanaf die kursusdatum, sal slegs 50% van die kursusfooi terug betaal word, tensy anders ooreengekom met Johan de Jager.
  - Jinta Trading cc neem geen verantwoordelikheid vir verblyf kansellasies, verblyf is elke persoon se eie verantwoordelikheid.
- **Neem kennis:**
  - Maak asb seker dat u besprekingvorm ontvang is, deur Jolandi de Jager.
  - Kontak ons direk indien u later as die Donderdag, 'n week voor die kursus om 12:00 nog wil bespreek om seker te maak die kursus gaan voort en of daar nog plek beskikbaar is.

# Kursusprogram

**<u>Dag 1</u>:**

| | |
|---|---|
| 7:30 – 8:00 | **Koffie/Tee, Registrasie, Opstelling van Rekenaars** |
| 8:00 – 10:00 | **Sessie 1 –** Oorsig van BenguFarm; Identifikasie Metodes en Nommer Formate; Elektroniese IDs, EID Lesers en Skale en Integrasie met BenguFarm; Oplaai van die Kursus Databasis; Hoofskerm Opsies (Dier- en Kudde Uitlegte) en Funksies (*Menu, Kortpaaie, Filters, Sortering, Groepering, ens.*). |
| 10:00 – 10:30 | **Koffie/Tee en Verversings** |
| 10:30 – 12:30 | **Sessie 2 –** Kies Diere skerm; Algemene Funksies; Verslae en Aantekenlyste; Kudde Opstellings; Opstel van Diergroepe (*Kalf/Lamseisoene, Kampe, Bestuursgroepepe*); Koppel Diere aan en Skuif |

tussen Kampe of Groepe; Skep ’n Tweede Kudde en Wissel tussen Kuddes; Vertoon Opstellings; Stap-vir-Stap Hulp Funksie.

12:30 – 13:15 **Middagete**

13:15 – 14:45 **Sessie 3 –** Integrasie met Logix (en ander stelsels soos Intergis en Breedplan) vir Elektroniese Stuur en Opneem van Data; Intrek van Dierdata (waar van toepassing, bv. Logix, Breedplan of Excel); Skep Dierdata rekords per Hand; Aanteken van Aankope Inligting; Kontroleer of alle Diere op Rekord is; Verander en Verwyder Data; Maak en Herstel ’n Rugsteun; Sinchroniseer van en Toegang tot Data op verskillende Rekenaars.

14:45 – 15:00 **Koffie/Tee**

15:00 – 16:30 **Sessie 4 –** Bereken Inteling van Nageslag vir Beplande Parings; Aanteken van Sinchronisasie van Ovulasie; Aanteken van Dekkings; Stuur Dekkingsdata; Aanteken van Dragtigheidsondersoekdata; Aanteken van Nuwe Kalwers/Lammers; Stuur Geboortekennisgewings; Intrek van Rekenaarnommers.

16:30 – 17:00 **Een-tot-een hulp waar nodig**

**<u>Dag 2</u>:**

7:30 – 8:00 **Koffie/Tee, Opstelling van Rekenaars & Een-tot-een Hulp waar nodig**

8:00 – 10:00 **Sessie 5 –** Ouerskapbepalings en ander DNA Dienste; Aanteken van Inentings, Doserings en Aanvullings Reëls vir Gewigte vir Prestasietoetsing; Bereken Weegdatums vir Pretasietoetsing; Aanteken van Gewigte of Intrek vanaf ‘n Skaal; Aanteken van Wol/Bokhaar Data; Skep ‘n Prestasietoets en Bereken Indekse.

10:00 – 10:30 **Koffie/Tee en Verversings**

10:30 – 12:30 **Sessie 6 –** Stuur Wol/Bokhaar Data na Woltoetsburo; Stuur Gewigte en Woldata aan Stamboek; Intrek van Amptelike Prestasietoetsdata; Aanteken van Wol-/Bokhaartoetsresultate ontvang van Woltoetsburo, OVK of BKB; Opneem van Teelwaardes.

12:30 – 13:15 **Middagete**

13:15 – 15:15 **Sessie 7 –** Druk Inspeksie-/Keuringslyste; Intrek van Inspeksiedata; Aanteken van Verkope, Vrektes & Uitskotte; Stuur Oordragte en Kansellasies; Skuif Diere na ‘n Ander Kudde; Aanteken van Notas en Voorkoms Opmerkings; Opgradeer BenguFarm Program; Hernu die Program se Registrasie; Oorsig van Ander Funksies in BenguFarm (*bv. BenguFarm-MOBILE toepassing; Opstel van Bestuurskalender; Voerkraal Bestuurder*).

15:15 – 15:30 **Afsluiting**